Donderdag 3 Desember
Skrifgedeelte: Nehemia 1:1-10
Fokusgedeelte: Nehemia 1:4

## Roep My aan in die dag van nood

Nehemia is as 'n balling in 'n vreemde land gebore. As die koning se skinker het hy, net soos Daniël, 'n hoë pos gehad. Nog meer van belang is dat hy die ware God se verhouding van liefde en trou met sy uitverkore volk leer ken het en dit in die geloof omhels het.

Dag vir dag het Nehemia die boodskappers uit Juda ingewag. Hy was so gretig om te hoor hoe dit met sy medegelowiges in Jerusalem gaan. En toe die slegte nuus: die mure en die poorte van die stad van aanbidding was nog steeds 'n murasie! Hoe maklik kon Nehemia nie maar net sy rug op die probleem van sy volk gedraai het nie. Hy kon dit maar geïgnoreer het, want met homself gaan dit goed. Doen ons dit nie soms nie? Ander kan maar aan die probleem aandag gee. Ek wil nie betrokke raak nie.

Nehemia doen dit nie. Hy wys sy opregte besorgdheid en meelewing as hy vir dae lank treur en vas en bid. Hier in hierdie vreemde land moes die nuus oor die mure vir hom soos 'n menslik onoorkombare probleem gelyk het, maar hy ken die krag van gebed en hy het geleer om op God te vertrou. In sy gebed doen Nehemia veral drie dinge. Hy erken God se grootheid en krag vir wie alle dinge moontlik is. Hy begrond ook sy gebed op God se verhouding van trou en liefde met sy kinders wat graag na hulle noodroep luister en sy beloftes hou. 'n Derde faset van Nehemia se gebed is dat hy sy sondeskuld en die sondeskuld van sy familie en volk voor God bely. Daarmee sê Nehemia: Nie ek nie, Here, want ek is maar 'n swakke instrument. Dit moet u krag wees wat hierdie probleem oorwin.

Die krag van gebed. Nog steeds 'n belofte van God vir ons, want ons bely dat Jesus aan God se regterhand vir ons bid en pleit.

*Sing: Psalm 146-1:3*

*Dr. SJ (Kobus) van der Walt (Emeritus)*